ADVERTENSIE-ARTIKEL || PETER FALKE

# Peter Falke-syrah pronk met dubbelgoud by Veritas

Dink skemerkelkies, glase borrelende MCC en heerlike happies by Peter Falke-wyne in Stellenbosch hierdie somer.

Hierdie eksklusiewe boetiek-wynlandgoed in die hartjie van Stellenbosch het onlangs 'n goue toekenning vir hul Signature Syrah 2013 by die 2015 Michelangelo Internasionale Wyn- en Spiritualieë-toekennings ontvang en selfs beter gevaar by die Veritas-toekennings met dubbelgoud vir die Signature Syrah 2013. Om hul prestasie te vier, het Peter Falke pas hul nuwe somerspyskaart bekendgestel, met allerhande gunstelinge en watertand bywoegsels om besoekers die geleentheid te gee om kennis te maak met die bekroonde wyne en vele meer.

Die Peter Falke Signature Syrah 2013 is 'n ware pronkstuk wat die landgoed se unieke terroir en elegante wynproduksietegnieke uitstekend weerspieël, met intense geure van swartbessie, kersie, wit peper en 'n tikkie vanielje – 'n ideale pasmaat vir ryk, eksotiese oondgeregte. Wynmaker Werner Schrenk reken dié jong wyn, met slegs 5 000 bottels op die rak, bevestig die bestendigheid en hoë standaard van die wingerde en die kelder by Peter Falke.

Peter Falke se elegante bultelug-proesitkamer en tuine is die perfekte atmosfeer om te ontspan met 'n glasie van die wenwyn terwyl jy peusel aan vars slaaisensasies en happies, met oorgenoeg opsies vir vegetariërs en lekker kuiers. Gaste kan



Die Peter Falke Signature Syrah 2013 dra 'n dubbelgoud Veritas-kroon. Foto: VERSKAF

hulself verlustig aan bultelugetes terwyl hulle kyk hoe die son agter die wingerde sak.

Slaaie sluit in vars parmaham- en spanspek, caprese-slaai met wingerdtamaties, komkommerslaai met Crottin-kaas en grasuie, of dalk rooi nierboontjie-, lensie- of botterboonslaaie met kruie, salotte, balsamiese asyn en olyfolie. Slaaie word met 'n ciabatta-rolletjie bedien. Borde met drie of meer soorte kaas kry pikante ekstras soos ingelegde vrugte, vars brood en seisoenale vrugte by.

Wyn is per glas, kraffie of bottel beskikbaar. Besoek gerus Peter Falke-wynlandgoed vir proeë van die wenwyne en nuwe spyskaart, Dinsdae tot Sondae van 11:00 tot 19:00. Bespreking is noodsaaklik vir groepe van 10 of meer.

Bestel aanlyn by www.peterfalkewines.com/store en bel 021 881 3677 of stuur e-pos na marketing@peterfalkewines.co.za vir meer inligting.